# INDIGENT POLICY/ DEERNISBELEID

# PRINCE ALBERT

**MUNICIPALITY/ MUNISIPALITEIT**

**MARCH 2013**

# TABLE OF CONTENTS/ INHOUDSOPGAWE


| DESCRIPTION/BESKRYWING | PAGE/ BLADSY |
|---|---|
| OBJECTIVE / DOELWIT | 1 |
| PURPOSE OF THE INDIGENT POLICY / DOEL VAN DIE DEERNISBELEID | 1 |
| CRITERIA FOR QUALIFICATION / KRITERIA VIR KWALIFIKASIE | 2 |
| EXTENT OF INDIGENT SUPPORT / OMVANG VAN DEERNIS ONDERSTEUNING | 3 |
| ARREARS ON INDIGENT ACCOUNTS / AGTERSTALLIGE GELDE OP DEERNISREKENINGE | 5 |
| NON-COMPLIANCE OF HOUSEHOLDS REGISTERED AS INDIGENT / NIE-NAKOMING VAN HUISHOUDINGS GEREGISTREER AS DEERNISGEVALLE | 5 |
| REPORTING REQUIREMENTS / VEREISTES VIR VERSLAGGEWING | 7 |

| | |
|---|---|
| **1. OBJECTIVE**<br><br>Because of the level of unemployment and subsequent poverty in the municipal area, there are households which are unable to pay for normal municipal services. The municipality therefore adopts this Indigent Management Policy to ensure that these households have access to at least basic municipal services, and is guided in the formulation of this policy by the National Government's policy in this regard.<br><br>This policy supersedes all financial policy instructions that have previously been issued.<br><br>Failure to comply with the prescribed policies will result in the institution of disciplinary procedures in terms of the stipulated Human Resources policies and procedures of Prince Albert Municipality. | **1. DOELWIT**<br><br>As gevolg van die vlak van werkloosheid en daaropvolgende armoede binne die munisipale area, is daar huishoudings wat nie in staat is om die normale munisipale dienste te bekostig nie. Die munisipaliteit neem dus hierdie deernisbestuur beleid aan om te verseker dat voorgenoemde huis-houdings toegang het tot ten minste die basiese munisipale dienste, en word gerig in die formulering van hierdie beleid deur die nasionale regering se beleid in hierdie verband.<br><br>Hierdie beleid vervang alle finansiële beleidsinstruksies wat voorheen uitgereik is.<br><br>Gebrek aan voldoening aan die voorgeskrewe beleide, sal die instelling aan dissiplinêre prosedures in terme van die gestipuleerde menslike hulpbronne beleide en prosedures van Prince Albert Munisipaliteit tot gevolg hê. |
| **2. PURPOSE OF THE INDIGENT POLICY**<br><br>2.1 The purpose of the indigent policy is to ensure:<br><br>▪ The provision of basic services to the community in a sustainable manner, within the financial and administrative capacity of the Council;and<br><br>▪ To provide procedures and guidelines for the subsidisation of basic service charges to its indigent households, using the Council's budgetary provisions received from Central Government, according to prescribed policy guidelines. | **2. DOEL VAN DIE DEERNISBELEID**<br><br>2.1 Die doel van die deernisbeleid is om die volgende te verseker:<br><br>▪ Die voorsiening van basiese dienste aan die gemeenskap op 'n volhoubare wyse, binne die finansiële en administratiewe kapasiteit van die Raad;en<br><br>▪ Om prosedures en riglyne te voorsien vir die subsidiëring van basiese dienste en heffings aan hulpbehoewendes huishoudings deur die Raad se begroting voorsiening ontvang vanaf Sentrale Regering, aan te wend in lyn met die voorgeskrewe beleidsriglyne. |

| | |
|---|---|
| 2.2 The Council also recognises that many residents can simply not afford the cost of full provision of services and for this reason the Council will endeavour to ensure affordability through: | 2.2 Die Raad erken ook dat heelparty inwoners eenvoudig nie die kostes van volle voorsiening van dienste kan dra nie en om hierdie rede sal die Raad poog om bekostigbaarheid te verseker deur: |
| ▪ Settings tariffs in terms of the Councils Tariff Policy, which will balance the economic viability of continued service delivery; and | ▪ Tariewe in te stel in terme van die Raad se Tariefbeleid, wat die ekonomiese haalbaarheid van voortgesette dienslewering sal balanseer; en |
| ▪ Determining appropriate service levels | ▪ Toepaslike diensvlakke vas te stel |
| **3. CRITERIA FOR QUALIFICATION** | 3. **KRITERIA VIR KWALIFIKASIE** |
| In order to qualify for indigent support the following criteria must be met: | Ten einde te kwalifiseer vir deernishulp (ondersteuning), moet aan die volgende kriteria voldoen word: |
| 3.1. Households where the verified total gross monthly income of owners/tenants does not exceed the level as determined in Council's tariff policy from time to time, qualify for a subsidy. Only the boarding amount of children/ boarders/tenants who are employed, will be taken into account and not their total gross salary/income, when determining the total gross monthly income of a household. | 3.1 Huishoudings waar die geverifiëerde bruto maandelikse inkomste van eienaars/huurders nie die vlak soos deur die Raad se tariefbeleid vasgestel van tyd tot tyd, oorskry nie, kwalifiseer vir 'n subsidie. Wanneer die totale bruto maandelikse inkomste van 'n huishouding vasgestel word, sal slegs die huurbedrag van kinders/ loseerders/huurders inaggeneem word en nie hul totale bruto inkomste nie. |
| 3.2 Subsidised services may include housing debt, sewerage, refuse removal and assessment rates, and consumption service charges. | 3.2 Gesubsidiëerde dienste mag insluit huishuur, riool, vullisverwydering, eiendoms belasting en diensteheffings. |
| 3.3 Only households where the accountholder or property owner has applied as indigent, and whose application has been accepted shall qualify for the above concessions. | 3.3 Slegs huishoudings waar die rekeninghouer of eienaar van die eiendom aansoek gedoen het om deernishulp, en wie se aansoek goedgekeur is, sal kwalifiseer vir bovermelde toegewings. |
| 3.4 For a household to qualify for subsidies | 3.4 Ten einde 'n huishouding instaat te stel |

| | |
|---|---|
| or rebates on the major service charges, the registered indigent must be the full-time occupant of the property concerned, and if not also the owner of the property concerned, may not own any other property, whether in or out of the municipal area. | om te kwalifiseer vir subsidies of kortings van belangrikste dienste-heffings, moet die geregistreerde deernisgeval die voltydse bewoner van die betrokke eiendom wees, en indien nie ook die eienaar van die eiendom nie, mag geen ander eiendom besit nie, hetsy binne of buite die munisipale area nie. |
| 3.5 Households must formally apply for relief on the prescribed documentation and satisfy the qualifying criteria / principles determined by the Council. | 3.5 Huishoudings moet formeel aansoek doen om verligting op die voorgeskrewe dokumente en aan die kwalifiserende vereistes soos deur die Raad vasgestel, voldoen. |
| 3.6 **Consumers will apply annually for the indigent subsidy.** | 3.6 **Verbruikers sal jaarliks aansoek doen vir die deernis subsidie.** |
| 3.7 **Applications for the indigent subsidy should be accompanied by a bank statement for the last three months, in cases where there is doubt of the applicant's credentials.** | 3.7 **Aansoeke vir die deernissubsidie moet vergesel word van 'n bankstaat vir die laaste drie maande in gevalle waar daar twyfel bestaan rakende die verwysings van die aansoeker.** |
| 3.8 Marginal cases will be referred to a special committee for approval after a social assessment has been done. | 3.8 Grensgevalle sal verwys word na 'n spesiale komitee vir goedkeuring nadat die sosiale assessering gedoen is. |
| 3.9 **The write- off of indigent debts will be reversed in cases where the property concerned, is sold within 1 (one) year after the write- offs has been done.** | 3.9 **Die afskryf van deernis skuld sal herroep word in gevalle waar die betrokke eiendom verkoop word binne 1 (een) jaar nadat die afskryf van skuld plaasgevind het.** |
| **4. EXTENT OF INDIGENT SUPPORT** | **4. OMVANG VAN DEERNISHULP** |
| 4.1 The subsidies on rates and the specified service charges will be determined as part of each annual budget and in terms of the municipality's policies on property rates and tariffs. | 4.1 Die subsidies op tariewe en die gespesifiseerde dienstegelde sal vasgestel word as deel van die jaarlikse begroting en in terme van die munisipaliteit se beleide rakende eiendomsbelasting en tariewe . |
| 4.2 The source of funding of the indigent subsidy, is that portion of the equitable share contribution towards the | 4.2 Die bron van befondsing vir die deernis subsidie is die porsie van die billike gedeelte bydrae aan die munisipaliteit, soos gemaak deur die Nasionale |

| | |
|---|---|
| municipality, made from the National Government's Fiscus and as provided for in the budget. As such, the subsidy can only be credited to the qualifying customer's accounts until the amount received by the Municipality from National Government for this purpose has been exhausted, whereupon no further credits will be made, or the level of the credits reduced, until further national funds are received. | Regering se Skatkis en soos voorsien in die begroting. Om hierdie rede kan die subsidie slegs gekrediteer word teen die kwalifiserende kliënt se rekening totdat die bedrag ontvang vir hierdie doel deur die Munisipaliteit van die Nasionale Regering, uitgeput is. Daarna sal geen verdere krediete toegelaat word nie, sodat die vlak van krediete verminder kan word, totdat verdere nasionale fondse ontvang word. |
| 4.3 In respect of water, a 100% subsidy up to 6kl per household per month will apply. In respect of electricity, a 100% subsidy up to 70kwh per month will apply. If consumption exceeds any of the above per metering period (month), the consumer will be charged at normal tariffs for actual consumption on the quantity exceeding the above mentioned limits. | 4.3 Met betrekking tot water, sal 'n 100% subsidie van tot 6kl per huishouding per maand van toepassing wees. In die geval van elektrisiteit sal 'n 100% subsidie van tot 70kwh per maand van toepassing wees. Sou die verbruik enige van die bogenoemde perke oorskry per lesingsperiode (maand), sal die verbruiker aangeslaan word teen die normale tariewe vir werklike gebruik op die hoeveelheid wat die bogenoemde beperkings oorskry is. |
| 4.4 If a customer's consumption or use of municipal services is less than the subsidised service, the unused portion may not be accrued by the customer and will not entitle the customer to cash or a rebate in respect of the unused portion. | 4.4 Indien 'n kliënt se verbruik of gebruik van munisipale dienste minder is as die gesubsidiëerde diens, sal die ongebruikte porsie nie opgehoop kan word deur die kliënt nie en sal dit nie die kliënt geregtig op kontant of 'n toelaag met betrekking tot die ongebruikte porsie nie . |
| 4.5 The annual rates and service charges on the indigent's account will automatically be converted to monthly instalments. | 4.5 Die jaarlikse belasting en dienstegelde op die deernisgeval se rekening sal outomaties omgeskakel word na maandelikse paaiemente. |
| 4.7 If the situation were it occurs that it is reported that the consumers are minors due to circumstances, the support will be determined as per Council decision from time to time. | 4.7 Indien 'n situasie ontstaan waar verslag gelewer word dat die verbruikers minderjariges is as gevolg van omstandighede, sal die ondersteuning vasgestel word soos per die Raad se besluit van tyd tot tyd. |
| | **5. AGTERSTALLIGE GELDE OP** |

| | |
|---|---|
| **5. ARREARS ON INDIGENT ACCOUNTS** | **DEERNIS REKENINGE** |
| 5.1 The value of write-off granted on arrears of indigent accounts, will be as per Council decision from time to time. No further action will be taken on these arrears. | 5.1 Die waarde van afskrywings wat goedgekeur word op agterstallige deernisrekeninge, sal wees soos per die Raad se besluit van tyd tot tyd. Geen verdere aksie sal geneem word rakende hierdie agterstallige rekeninge nie. |
| 5.2 Customers who qualify for an equitable share subsidy will be placed on restricted service levels in order to limit further escalation of debt. | 5.2 Kliënte wat kwalifiseer vir ‘n deernis subsidie sal geplaas word op beperkte diensvlakke ten einde verdere eskalasie van skuld te beperk. |
| 5.3 Customers who qualify for equitable share subsidy and are still in arrears, will be placed on the pre-paid services system upon 50% of electricity purchases be allocated to the arrear debt. | 5.3 Kliënte wat kwalifiseer vir deernis subsidie, maar wat steeds agterstallig is, sal geplaas word op die voorafbetaalde elektrisiteits stelsel waarop 50% van elektrisiteit aankope geallokeer word aan die agterstallige skuld. |
| **6. NON-COMPLIANCE OF HOUSE-HOLDS REGISTERED AS INDIGENT** | **6. NIE-NAKOMING VAN HUISHOUDINGS GEREGISTREER AS DEERNISGEVALLE** |
| 6.1 When a property owner or accountholder who has registered as an indigent fails to comply with any arrangements or conditions materially relevant to the receipt of indigent relief, such person will forfeit his or her status as a registered indigent with immediate effect, and will thereafter be treated as an ordinary residential property owner or accountholder for the financial year concerned. | 6.1 Wanneer ‘n eienaar van ‘n eiendom of ‘n rekeninghouer wat geregistreer is as ‘n deernisgeval nie die voorwaardes of reëlings nakom nie, sal so ‘n persoon sy of haar status as geregistreerde deernisgeval verbeur met onmiddellike effek, en sal daarna hanteer word as ‘n gewone eienaar/huurder van ‘n residensiële eiendom of rekeninghouer vir die betrokke finansiële jaar. |
| 6.2 The onus is on each registered indigent to advise the municipal manager, or his nominee, of such failure to comply. | 6.2 Die onus rus op elke geregistreerde deernisgeval om die munisipale bestuurder, of sy genomineerde, in te lig rakende die nie-nakoming van voorwaardes of reëlings. |
| | 6.3 Dit mag gebeur dat selfs met die instelling van die deernisbeleid, dat |

| | |
|---|---|
| 6.3 It may happen that even with the introduction of the indigent policy, certain households may fall into arrears in respect of the amounts due by them. The property owner or accountholder concerned will have to make immediate arrangements with the municipal manager, or his nominee, to pay off these arrears owing within a reasonable time determined by the municipal manager in terms of the municipality's credit control and debt collection policy. If these arrangements are not made, no subsidies will be paid or free services provided, and services may be terminated in terms of the municipality's credit control and debt collection policy. | sekere huishoudings agterstallig mag raak met betrekking tot die bedrae wat deur hulle verskuldig is. Die betrokke eienaar van die eiendom of die rekeninghouer sal onmiddellik reëlings moet tref met die munisipale bestuurder, of sy genomineerde, om hierdie agterstallige gelde wat geskuld word, af te betaal binne 'n redelike periode soos vasgestel deur die munisipale bestuurder in terme van die munisipaliteit se kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid. Indien sodanige reëlings nie getref word nie, sal geen subsidies betaal word of gratis dienste voorsien word nie, en dienste mag beëindig word in terme van die munisipaliteit se kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid. |
| 6.4 The relief to indigents may be withdrawn at the discretion of the municipal manager, or his nominee, if:<br>▪ A registered indigent who qualifies for such relief fails to keep to the terms of the policy agreement; or<br>▪ Any tampering with the installations of the municipality is detected. | 6.4 Die verligting aan deernis huishoudings mag gestop word binne die diskresie van die munisipale bestuurder, of sy genomineerde, indien:<br>▪ 'n Geregistreerde deernisgeval wat kwalifiseer vir sodanige verligting in gebreke bly om te hou by die terme van die beleidsooreenkoms; of<br>▪ Wanneer enige peutering met die installasies van die munisipaliteit se dienste uitgevind word. |
| 6.5 The indigent status of a customer will be reviewed from time to time, at intervals as determined by Council. This could be done by either physical audit or external verification check (ITC – Credit Bureau). Should the requirements not be met, the subsidy for that consumer will be cancelled. | 6.5 Die deernis status van 'n kliënt sal van tyd tot tyd hersien word, met intervalle soos deur die Raad vasgestel. Dit kan enersyds gedoen word deur 'n fisiese oudit of andersyds deur 'n eksterne verifiëringsondersoek (ITC – Kredietburo). Sou die vereistes nie nagekom word nie, sal die subsidie vir daardie verbruiker gekanselleer word. |
| | 6.6 Wanneer bevind word dat 'n geregistreerde deernisgeval vals |

| | |
|---|---|
| 6.6 If a registered indigent is found to have provided fraudulent information to the municipality in regard to any material condition for registration as an indigent, such person shall immediately be removed from the register of indigents, and shall be liable to repay the municipality with immediate effect all indigent relief received from the date of such fraudulent registration. Moreover, such person may not again be considered for indigent relief for a period extending for three years beyond the financial year in which the misdemeanour is detected. | inligting verskaf het aan die munisipaliteit met betrekking tot enige wesenlike voorwaarde vir registrasie as 'n deernisgeval, sal so 'n persoon onmiddellik verwyder word van die register van deernisgevalle, en sal die persoon aanspreeklik gehou word om alle deernis verligting ontvang vanaf die datum van sodanige bedrieglike registrasie, met onmiddellike effek aan die munisipaliteit terug te betaal. Verder mag so 'n persoon nie weer oorweeg word vir deernishulp vir 'n periode van drie jaar na die finansiële jaar waarin die misdryf bespeur is nie. |
| 6.7 Indigent relief will not apply in respect of property owners owning more than one property, whether in or outside the municipal area. | 6.7 Deernishulp sal nie van toepassing wees op eienaars van eiendomme wat meer as een eiendom besit nie, hetsy binne of buite die munisipale area nie. |
| **7. REPORTING REQUIREMENTS** | **7. VEREISTES VIR VERSLAGGEWING** |
| The municipal manager or his nominee shall report on a monthly basis to the Council: | Die munisipale bestuurder of sy genomineerde sal op 'n maandelikse basis verslag lewer aan die Raad: |
| • the number of households registered as indigents and a brief explanation of any movements in such numbers; | • Die aantal huishoudings wat geregistreer is as deernisgevalle asook 'n kort verduideliking van enige bewegings in sodanige getalle; |
| • the monetary value of the actual subsidies and rebates granted; | • Die geldwaarde van die werklike subsidies en kortings wat toegestaan is; |
| • the budgeted value of the subsidies and rebates concerned; and | • Die begrootte waarde van die betrokke subsidies en kortings; en |
| • the above information cumulatively for the financial year to date. | • Die kumulatiewe bovermelde inligting vir die finansiële jaar tot op datum. |